



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V1

NOVEMBER 2011

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- 1.1 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.1 Irak.

Mahabharata; Baha'u'llah; inheemse; Bodhisattva; Irak; Eucharistie; Theravada; Shoghi Effendi; Judaïsme
--

- 1.1.1 Afrika-godsdien word as die ... godsdien van die Afrikane gedefinieer. (2)
- 1.1.2 Die oudste vertakking van Boeddhisme is ... (2)
- 1.1.3 Diegene wat glo dat die Tora die Woord van God is, behoort aan die ...-godsdien. (2)
- 1.1.4 Een van die hoofsakramente van die Katolieke geloof is die ... (2)
- 1.1.5 Die persoon wat Abdu'l-Baha opgevolg het, was ... (2)
- 1.2 Verduidelik, in TWEE sinne, elk van die volgende konsepte in die konteks van godsdien:
- 1.2.1 Verskille (4)
- 1.2.2 Dogma (4)
- 1.2.3 Ideologie (4)
- 1.2.4 Eenheid (4)
- 1.2.5 Vergelykbaarheid (4)
- 1.3 Kies die woord wat NIE pas NIE uit elke groep woorde hieronder. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.3.1 Pundit; Imam; Induna; Rabbi (2)
- 1.3.2 Talmoed; Pentateug; Luthers (Lutheraan); Tora (2)
- 1.3.3 Brahma; Vishnu; Baha'u'llah; Shiva (2)
- 1.3.4 UNkulunkulu; Fees van Ligte; Mukuru-kuru; Modimo (2)
- 1.3.5 Dharma; Karma; Kosjer; Ahimsa (2)

- 1.4 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n woord of beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.4.6 F.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Baha'i	A	Afrika Tradisionele Godsdiens
1.4.2	Hadith	B	Nirvana
1.4.3	Verering van voorvaders	C	Kitáb-i-Aqdas
1.4.4	Nuwe Testament	D	Islam
1.4.5	Boeddha	E	Christelike godsdiens

(5 x 2)

(10)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

In Ortodokse Islam is daar baie min ruimte vir variasie sover dit die kernleerstellings (grondleringe) van die godsdiens betref: behalwe Allah is daar geen ander god nie, en Mohammed is sy profeet. Aan geeneen van hierdie twee pilare kan daar enigsins getwyfel word nie. Baie dieselfde geld vir die Ortodokse Christelike godsdiens. Mense wat in sulke godsdienste van die korrekte 'geloof' afwyk, kan sekere sosiale gevolge ervaar. In die verlede moes sommiges selfs met hulle lewens boet.

In hoofstroom-Hindoeïsme is dinge baie anders. Dit is belangriker om die regte dinge te doen en reg op te tree as om in die regte dinge te glo. In nog 'n Indiese godsdiens, Boeddhisme, kan 'geloof/oortuiging' as die aanvaarding van sekere beskouing selfs as 'n hindernis op die pad na verlossing beskou word. Verkleefdheid aan oortuiging is net so sleg soos verkleefdheid aan geld, sê sommige Boeddhiste byvoorbeeld, omdat dit daartoe kan lei dat jy en ander mense kan swaarkry.

[Aangepas en vertaal uit *Religion Studies Grade 12*, Steyn et al, bladsy 39]

- 2.1 Beantwoord die vrae wat volg in die konteks van godsdiens.
- 2.1.1 Definieer kortliks die term *geloof* soos dit in die konteks van godsdiens gebruik word. (4)
- 2.1.2 Verduidelik die konsep *lering* soos dit in Religiestudies gebruik word. (4)
- 2.1.3 Gee 'n kort verduideliking van die verhouding tussen 'lering' en 'geloof' in die konteks van godsdiens. (6)
- 2.2 Vergelyk die rol van geloof in enige EEN Oosterse geloof met dié van enige EEN van die Abrahamitiese gelowe. (10)
- 2.3 Om aanspreeklik te wees vir 'n mens se daad is 'n algemene godsdienstige lering. Bespreek kortliks die kwessie van aanspreeklikheid met verwysing na enige TWEE van die volgende godsdienste:
- 2.3.1 Boeddhisme
- 2.3.2 Afrika Tradisionele Godsdiens
- 2.3.3 Judaïsme (6 x 2) (12)
- 2.4 Beskryf die konsep *mite* in die konteks van godsdiens. (6)
- 2.5 Verduidelik die rol wat gelykenisse in godsdienstige leringe speel. (8)

[50]

VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Terwyl elke godsdienst sy uniekheid uit sekere kern- (sentrale) gelowe, wat nie-onderhandelbaar is nie, verkry, is daar beslis verskille binne 'n geloof ten opsigte van die invloed wat dit op die daaglikse lewe het. Soms is hierdie verskille groot (Protestante en Katolieke het oorlog gevoer oor hulle gelowe/oortuigings) en soms is hulle klein, byvoorbeeld die verskillende godsdienstige denominasies binne Protestantisme.

Kies EEN hoofgodsdienst uit die volgende:

- Hindoeïsme
- Christelike godsdienst (twee vertakkinge, byvoorbeeld Katolisisme en/of Protestantisme)
- Islam

Bespreek hierdie godsdienst se interne verskille onder die volgende hoofde:

- 3.1.1 Godsdienstige leringe (10)
- 3.1.2 Bestuur (10)
- 3.1.3 Godsdienstige praktyke (10)

3.2

Hoewel godsdienste baie ooreenkomste deel, het elkeen van hulle iets wat dit uniek maak. Godsdienste word dikwels volgens geografiese oorsprong gegroepeer, soos:

- Judaïsme, Christelike godsdienst en Islam (Midde-Oosterse godsdienste)
- Boeddhisme and Hindoeïsme (Oosterse godsdienste)
- Enige Afrika Tradisionele Godsdienst – AmaZulu/isiXhosa/Tsonga/Lobedu/SeSotho en Aka, Yoruba (Afrika Tradisionele Godsdienst)

Beantwoord die vrae wat volg met verwysing na enige EEN groepering hierbo.

- 3.2.1 Gee 'n verduideliking van die uniekheid van enige EEN van die godsdienste uit die groep wat jy gekies het. (10)
- 3.2.2 Bespreek die ooreenkomste wat binne die groep godsdienste wat jy gekies het, bestaan. (10)

[50]

VRAAG 4

- 4.1 Menseregte was nog altyd 'n belangrike deel van godsdiens.
Bespreek VYF leringe wat menseregte bevorder met betrekking tot enige TWEE godsdienste. (20)
- 4.2 Sommige mense voel dat godsdiens 'n minder betekenisvolle rol in die moderne samelewing speel as in die verlede. Soos godsdienstige instellings invloed blyk te verloor, is daar 'n toename in sekulêre wêreldbeskouings soos ateïsme en agnostisisme.
- 4.2.1 Stem jy saam met die aanhaling hierbo? Gee redes vir jou antwoord. (6)
- 4.2.2 Wat word met *sekulêre wêreldbeskouing* bedoel? (4)
- 4.2.3 Bespreek kortliks EEN sekulêre wêreldbeskouing, byvoorbeeld agnostisisme, sekulêre humanisme, kommunisme en ateïsme. (8)
- 4.3 Indien godsdiens nie langer beoefen sou word nie, wat dink jy sou die invloed op die volgende wees:
- 4.3.1 Die individu (6)
- 4.3.2 Die samelewing in geheel (6)
- [50]**

VRAAG 5

- 5.1 Godsdienstige konflik is in baie lande algemeen. Baie lande soos Egipte, Nigerië en Soedan gaan in 2011 verkiesings of referendums hou en dít is 'n resep vir 'n toename in godsdienstige konflik.
[Aangepas uit *Die Burger*, 24 Januarie 2011]
- 5.1.1 Identifiseer EEN streek of land van konflik in die wêreld en gee 'n kort geskiedenis van die konflik. (10)
- 5.1.2 Beskryf die huidige situasie van die konflik wat jy geïdentifiseer het. (6)
- 5.1.3 Verduidelik die rol van godsdiens in die konflik. (10)
- 5.1.4 Som jou bevindinge op. (4)

5.2

**OPROEPE VIR DIE TERUGKEER VAN DIE STROP (GALG; DOODSTRAF)
WORD HARDER SOOS AFGRYSLIKE GEBEURE DIE NUUS TREF**

Amper alle navorsing wat oor misdaad gedoen word, toon dat Suid-Afrikaners glo dat misdaad die ernstigste probleem in die land is. 'n Oorweldigende meerderheid is ten gunste van die doodstraf vir moord, swaar verkragting en kindermishandeling.

Op 8 Augustus het 'n groep fundamentalistiese Christene, Afrika-Christelike Aksie, 'n skynverhoor en -teregstelling van 'n verkrachter buite die Parlement in Kaapstad opgevoer om die regering se aandag op 'Bybelse oplossings vir vroueverdrukking' te vestig.

Die vraag wat regskenner uitdaag is of die doodstraf genoeg sal wees om die golf van gewelddadige misdaad wat Suid-Afrika verswelg, te stuit. Studies in die VSA ondersteun die siening dat die doodstraf die moordsyfer sal laat daal. Daar is egter net soveel studies internasionaal en plaaslik wat te kenne gee dat dit nie die geval sal wees nie.

In die Staat versus Makwanyane-uitspraak in 1995 het Regter Arthur Chaskalson gesê dat die geweld wat in post-apartheid Suid-Afrika beleef word, nie die gevolg van die afskaffing van die doodstraf is nie.

Regter Dennis Davis glo dat die publiek se houding ten gunste van die doodstraf die gevolg is van 'n gebrek aan opvoeding deur die regering en die media oor die Grondwet.

[Aangepas uit Donne, et al, bladsy 90 (*Business Day*), 23 Oktober 2003]

- 5.2.1 Is die artikel ten gunste van, of teen, die doodstraf? Motiveer jou antwoord. (4)
- 5.2.2 Dink jy dat die opinie in hierdie mediaverslag die Christelike siening oor die doodstraf verteenwoordig? Staaf jou antwoord deur na die artikel te verwys. (4)
- 5.2.3 Dink jy dat die media oor die algemeen mense beïnvloed om teen die leringe van hulle godsdiens te gaan? Gee TWEE voorbeelde uit die media (beide gedruk en elektronies) om jou siening te illustreer. (8)
- 5.2.4 Sou jy sê dat Regter Davis ten gunste van of teen die doodstraf is? Motiveer jou antwoord in TWEE sinne. (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150